

Die raad ondersoek ook twee „Christus“-tekeninge van Harold Rubin van Johannesburg. Min. De Klerk het die uitstalling van die werke verbied en gelas dat die raad dit eers moe<sup>t</sup> keur.

Die polisie het verlede Dinsdag op een van Rubin se tekeninge beslag gelê. Dit stel 'n naakte Christus-figuur aan die kruis voor met 'n verwronge liggaam, 'n hoof wat agteroor gegooi is en met 'n swart tong wat uit die oop mond hang.

Later is op 'n tweede tekening beslag gelê waarop twee vegtende manne onder 'n gekruisigde Christus-figuur staan. Die een het 'n masjiengeweer en die ander 'n assegaai.

— (SAPA).

*Die Transvaler* 2/8/62